NUUSBRIEF

Middelveld Posduif Unie

Jaargang 1 Nr. 1 Januarie 2018

SANPO President Besoek MPU

Wat ‘n absolute voorreg en verrassing was dit nie vir die MPU lede dat ons spog gala geleentheid deur die huidige President van SANPO, Fadiel Hendricks bygewoon is nie!

Fadiel en ‘n paar hooggeplaastes in die duiwesport asook die Voorsitter van ons bure, Suid-Oos Transvaal, was die eregaste van die Mpumalanga President Piet van Zyl en sy gade, Rothea.

Ook teenwoordig was twee van MPU se voormalige voorsitters, Koos Botha en Carel de Wet en hulle aanvallige gades.

Belangrikste van alles was natuurlik die groot getalle lede van MPU wat moeite gedoen het om die prestige funksie by te woon!

During his short speech, Fadiel re-iterated how priviledged he felt to have been invited to our prize giving. He also outlined a number of issues and challenges facing SANPO and the pigeon sport on national and ground root levels. Lack of growth in the sport, transformation and the interference from the NSPCA, who has publicly stated that the organisation is against all forms of animal sport, were some of the issues briefly outlined.

Piet het op sy beurt die probleme en uitdagings op provinsiale vlak en die wisselwerking met ons bure, met ons gedeel.

Prysuitdelings Funksie – 18 November 2018

Die 2017 Prysuitdeling Gala Aand was op 18 November 2017 by die Middelburg Buiteklub.

Dit was nou regtig die gepaste manier om die hoogtepunt van die afgelope seisoen, die erkenning van presteerders se moeite, te beloon!

Namens die lede van Middelveld Posduif Unie, baie dankie en baie geluk aan almal wat betrokke was by die reëlings met betrekking tot die aand se verrigtinge.

Die maaltyd, die vermaak, die saal en die samesyn was uit die boonste rake.

Die vernaamste wenners was soos volg:

UNIE PUNTE WENNER – JC Lofts 1

NAASWENNER – JC Lofts 2

PRO 10 PUNTE WENNER – Hansen Lofts

PRO 10 NAASWENNER – Christo Boshoff

B25 PUNTE WENNER – J & M Hokke

B25 NAASWENNER – N & E Lofts

BASIL READ WISSEL TROFEE – Witbank Posduifklub

JENNY ADAMS WISSEL TROFEE – Witbank Posduifklub

Fotogallery

Johan Serfontein open verrigtinge met gebed

Fadiel Hendricks spreek die gaste toe

Van die pragtige trofees wat uitgedeel is

Fadiel Hendricks, Vikki & Hansie van der Merwe. Fadiel & Yasiem het Sondag oggend op pad na Pretoria gou by Inyoni Estate kom inloer!

Dawid & Goliat,
oftewel Carel de Wet & Weppies Wepener

Gaste besig om te smul aan die heerlike 3 gang maaltyd wat voorgesit is!

Gaste kuier lekker gesellig. Die opkoms was baie goed gewees!

Die ProFlight tafel was lekker jolig tot laataand!

JAV – 20 Januarie 2018

Die Unie se Jaarlikse Algemene Vergadering is op 20 Januarie 2018 te Eagles Inn gehou. Dit is teleurstellend dat slegs 29 van die sowat 70 + stemgeregtiges in die Unie, moeite gedoen het om die vergadering by te gewoon het.

ProFlight en Witbank wat gesamentlik 14 afgevaardigdes by die vergadering gehad het, het in 'n mate vergoed vir lede van die ander Klubs se swak bywoning. Dit is ironies dat dit in meeste gevalle juis die lede is wat nie moeite doen om vergaderings by te woon nie, wat allewig die meeste te sê het oor die beheer en bestuur van die sport in die Unie.

Van die belangrike sake wat bespreek is, sluit in:

- Grondwet wysigings m.b.t. stemreg van Klub Dagbestuurslede;
- Grondwet wysigings m.b.t kennisgewing van JAV en voorgenome Grondwet wysigings (2);
- Die aantal Unie plekke toegeken per wedvlug verander van 40 na 80 vanaf 2018;
- Wedvlug rigting en verste punt – Daar sal op die kort- en middelpad om die beurt suid-wes en wes gevlieg word. Op die langpad vlieg ons suid-wes, met die verste punt Britstown.
- Terugvoer van ASH Loft – Harry Meyer was afwesig, maar volgens inligting ontvang, verloop alles volgens plan met die duifies. Hulle is reeds gespuit vir Newcastle siekte en vlerkpenne geknip, waar nodig.

Verkiesing van Dagbestuurslede – Die volgende lede is verkies:

- Voorsitter – Piet van Zyl (Elite);
- O/voorsitter – Pieter Goosen (Pionier);
- Sekretaris – Steve Mattheys (Skydivers);
- Tesourier – Belinda Taljaard (Koolvelde);
- Wedvlug Sekretaris – Jenny Adams (Pionier);
- Trok Voorsitter – Morné Oosthuizen (Elite);
- PRO – Shaun Taljaard (Koolvelde)
- Die res van die Dagbestuur word opgemaak deur die Voorsitters van die Klubs wat nie verkose verteenwoordiging het nie.

Pieter van Zyl
Voorsitter

Pieter Goosen
Onder-Voorsitter

Steve Mattheys
Sekretaris

Jenny Adams
Wedvlug Sekretaris

Belinda Taljaard
Tesourier

Morne Oosthuizen
Trok Voorsitter

Shaun Taljaard
PRO

Uit die pen van Jan Agterboer - Januarie 2018

In die heedendaagse "google" weet alles, is van die beste raad te vinde met die druk van ‘n knoppie. Tog te lekker lees ons alles en Jan Agterboer word sommer die dorp se nuwe veearts wat alles kan reg dokter met ‘n botteltjie poeier of spuit naald.
So groot en baie is die inligting dat meeste nooit alles tog sal kan gebruik of onthou nie, maar ons het dit nie te min. Dalk is dit weer tyd om terug te staan en te besin wat ons eintlik besig is om aan te vang met een van die mees komplekste liggame ter wêreld, die wedvlug duif.

Om by die begin te begin, natuurlik deur jare se waarneming en ondervinding, is duifsport/stokperdjie ‘n 365 dae ‘n jaar besigheid wat baie tyd van jou op neem, soms voel die familie so wees dat hulle ander heen kome wil gaan soek. Meeste van ons jaag die een of ander roemryke titel van watse kampioenskap ookal na dat ons vergeet duiwe sport is eintlik nie ‘n wedvlug nie maar ‘n "journey". ‘n Ontdekkings reis tegelyke tyd na gister, vandag en more, want sien, duiwe is mos evolusie wat besig is om te gebeur! So nuut is wedvlug duiwe dat ek nie kan dink daar is ‘n ander spesie nuwer op die roemryke aarde van ons nie. Enige sukses begin by die begin, nog nooit het iemand blywende sukses behaal sonder om by die begin te begin nie.

Dit laat my nou by die begin begin. TOP DUIWE, die het mos net die pedigree van oorsee se duiwe in want die local’s lyk nie eens so mooi op die foto's nie. Word wakker, photo shop maak ‘n aap ook mooi lyk soos wat ek met my ondervinding agtergekom het. Kyk, sonder top kwaliteit duiwe kan ons maar probeer duiwe saam vlieg soos ons wil en sal elke jaar die agterboer wees en bly. Top kwaliteit in my en jou hand voel dalk anders maar dis die duif wat week na week voor vlieg in die klub, seksie en unie. Duiwe wat hul man kan staan maak nie saak wat die weersomstandighede, en gewoonlik is dit die duiwe wat ons mos nie kan bekostig nie.....!

Word weer wakker want die beste duiwe is gewoonlik net om die draai van jou eie voorstoep, by die duiwe boer wat jaar in en jaar uit een van die voorvlieërs in die unie is. Maar nee wat ons gaan eerder stad toe vir beter kwaliteit. Feit is dat selde duiwe van buite die dorp in kom wat so ‘n drastiese impak maak in die unie dat almal daaroor praat of van die nuwe super ras gaan koop. Kom ons kyk na die voorvlieërs se duiwe, dis duiwe wat jaarliks voor vlieg ongeag watse terugslae die boer kry. Goud waarop jy kan vertrou en na jare se noukeurige beplanning en teëlings het hy baie van hulle. Al die goeie eienskappe in ‘n hok vasgevang net om die draai, tien teen een baie goedkoper of soms selfs verniet. Onthou, ons duiwe pas aan in

die area waar hulle jaarliks vlieg en volgens hul vlieg prestasie word die volgende generasie gebou.

Reg, nou weet julle waar om die regte "champs" te gaan soek en terwyl jy daar by die kampioen is hoor sommer hoe kry hy dit reg om so suksesvol te kan wees. Nee wat dis te maklik sal die meeste van ons se want duiwe sport is mos beslis meer kompleks as die man se storie. Hy wil nie kompetisie maak vir homself nie! Weer moet jy wakker word, hulle wil so graag meer kompetisie maak en kry sodat hulle hul genetika kan aanpas en verbeter. Want jy sien, duiwe gaan oor evolusie en nie stagnasie nie. Vra, luister en maak aantekeninge, hetsy in die grysstof of op papier.

Nou het jy die duif so wat nou gedaan? Reg, jy kort nou ‘n hok, is mos so?
Punt twee van duiwe vlieg is sekerlik die hok want ‘n duif het ‘n sitplek nodig en dis nie ‘n geheim nie. Die kampioen van waar ookal het 80% van die tyd nie eens die mooiste of beste hok nie. Wel, die geheim van die kampioen is nie die fisiese einskappe van sy hok nie maar sy getal duiwe wat binne die hok sit.
Daarmee saam die regte ventilasie en aantal sitplekke vir die getal duiwe in die hok.
Bepaal die getal duiwe wat binne jou hok is met die volgende formule:
(Lengte x Breedte x Hoogte) deeldeur 0.33 =?
Absoluut te min duiwe vir jou! Dis nou maar hoe ons duiwe boer een maal is, die Belge het mos altyd gese ons het te min hokke, en dit is so. Kry dit oor jou hart en teel minder, maar teel meer van die heel bestes in jou hok.
Gaan nou hok toe en raak ontslae van al die pit vreeters wat niks beten nie.

Daarsy, nou het jy die duiwe getalle reg, kwaliteit probleem is gehanteer en die hok is die beste wat jy kan maak van hom. Wat sal ons dink is nou nodig, dalk Jan Agterboer met sy botteltjie muti's en “gegoogle”de insette sal ons dink.
Nee glad nie, wat nou benodig word is ‘n absolute toegewyde duiwe boer wat duiwe wil vlieg en seker maak die kampioen se insette word sy grootste nagmerrie en daardeur verseker ons die volgende generasie plaaslike uitmuntende duiwe.

Die nuwe toegewyde duiwe boer moet sy duiwe leer ken en hulle hom. Let op na jou duiwe se gedrags patrone en maak seker hulle ken jou en jy hulle want waarneming maak 90% van alle sukses uit. Geheimpie om te deel, hou die duiwe se mis dop daagliks. Deur die mis dop te hou sal jy vinnig agterkom of daar probleme insluip en sorg jy dat Jan Agterboer net ‘n droom bly.
Om duiwe gelukkig en gesond te hou vat baie minder as wat meeste van ons dink. Skoon hokke, waterbakke en ‘n gebalanseerde dieet is natuurlik die eerste dinge wat in my gedagtes opkom. Jy sien, in al die kampioene van regoor die land in wie se hokke ek al was het ek nooit ‘n vuil hok teegekom nie.

Kos word net die beste gegee wat hulle kan bekostig, soms ook maar net omdat hulle dit kan bekostig en om sy besoekers te beindruk. Wel dit bly natuurlik die beste wat hy kan bekostig al is dit die drie sak voeding sisteem. Meerderheid van ons sal eerder duisende rande jaarliks spandeer aan klein botteltjies eerder as die beste moontlike gebalanseerde kos en aanvullings.
Kos en voeding moet die bulk van elke duiwe boer se begroting uitmaak en muti's moet meestal uit die kombuiskas kom. My gesegde is altyd, hoekom iets gee as jy nie ‘n verskil kan sien daarna nie, maak seker alles wat jy gee maak ‘n verskil.

Wel wel, nou het ons duiwe, hok, kos, ‘n wakker duiwe boer en Jan Agterboer kan nou maar net dink aan raad wat hy jou kan gee om jou duiwe slegter te kan laat lyk.

PUNTE VAN GESONDHEID WAARNA WEL GELET MOET WORD:

* Paramyxovirus het die laaste paar jaar ‘n groot probleem begin word en soos alle aandui het die hoender stam oorgedra in ons duiwe in. Ent babas sodra hulle 21 dae oud is met een wat net duiwe stam bevat en maand later met entstof wat duif en hoender stamme bevat.

* Kanker is baie meer aktief as dit warmer is maar stres kan ook lei tot onnodige uitbreekings. Maak seker stresvlakke in en om die hok is onderbeheer en laat jong duiwe genoeg rus tussen oefeninge.

* Koksidiose is ‘n heedendaagse nagmerrie aangesien min mense werklik uitgaan om koksidiose onderbeheer te hou deur heel jaar gereeld daarvoor te behandel. Koksidiose is verantwoordelik vir groot verliese by jongduiwe voor en gedurende wedvlug tyd. Gebruik meer as net een aktiewebestandeel produkte om weerstandigheid te voorkom.

* Lugweg infeksie kom veral meer voor in vuil en oorbevolkte hokke maar ons moet nooit van kruisbesmetting vergeet gedurende wedvlugtyd nie.

* Dermkanaal besmetting is nie ‘n algemene probleem in skoon gekontroleerde hokke nie maar omrede dit so moeilik is om onderbeheer te kry behandel eerder gereeld voorkommend teen dit.

* Swamme kom hoofsaaklik uit in vuil stowwerige hokke asook deur besmette kos. Maar natuurlik die algemeenste probleem nadat ons met antibiotika behandel het.

* Malaria – het al menigte kampioen duiwe boere tot drank gedryf so maak seker om malaria behandeling in te werk by jou voorseisoen program.

* Parasiete en veral wurms lei tot swak prestasie en kuikens wat swak groot word.

Hou maar jou hand op wurms reg deur die jaar.

* Veerluis en duiwe vlieg kan enige kampioen duif laat lyk soos ‘n kerkduif, voorstel is om hulle regdeur die jaar ook onder beheer te hê.

* Herpes virus is nou een virus wat min manne regtig aandag aan gee. Gebruik google as jy nie weet hoe en wat dit maak aan jou duiwe nie en sorg dat jy dit onder beheer het voordat jy begin met enige antibiotika behandelings. Kan net maak dat jy ‘n klomp geld spaar.

* Dan sit ons ook met al die Ciro,Adeno ens virusse wat niemand eintlik weet hoe om te hanteer nie. My beste voorstel is maak seker jy laat nie vreemde duiwe regdeur die jaar in jou hok toe nie. Voorsorg is beter as nasorg. Gee genoeg natuurlike ondersteunende produkte.

* Dubbel Brannas en coke vir jou die duiwe boer, want jy sien, om heel jaar duiwe boer te wil wees is harde werk en jy verdien dit. So vat maar so nou en dan een vir die span.

En dit is vir eers genoeg van my af, sal volgende keer meer uitwei oor hoe ons kan beplan en behandel.

Duiwe groete
Jan Agterboer



Daarsy! Die eerste Nuusbrief vir 2018. Die redaksie hoop julle het hom geniet?! Onthou egter, die Nuusbrief behoort aan die lede van Middelveld en ons het julle hulp nodig om dit so interresant as moontlik te maak.
Enige voorstelle en/of idees om te verbeter sal verwelkom word. Ons plaas graag verjaarsdae, lekker kos resepte, duiwe nuus, muti programme (vir dié wat mutis gebruik!), inkleur prentjies vir die kleuters, persoonlikhede van die maand, wedvlug uitslae & - staaltjies, interresante fotos, ens., ens. Die lys is oneindig.

Stuur asb, enige bydraes, artikels, fotos en/of idees aan Shaun Taljaard (PRO), of kontak hom by 072 726 8329 of stuur ‘n e-pos na: belindataljaard30@gmail.com.

Ons het ook ‘n Facebook bladsy – Middelveld Posduif Unie. Gaan kyk gerus & ‘like’ die bladsy!